



Bou ons kinders vir môre

Konfirmasie 2

Titel van les: Heilige Doop - Die 6^{de} Geloofsartikel

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les oor Heilige Doop - Die 6^{de} Geloofsartikel.

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus en Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdienste, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! <i>Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</i></p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Konfirmasie 2).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Konfirmasie-onderwyser indien u ondersteuning vereis of bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel	Heilige Doop - Die 6 ^{de} Geloofsartikel
Bybelwoord	<ul style="list-style-type: none">• 1 Johannes 5: 7 en 8• Johannes 3: 1 tot 7
Lesdoelwit	Die doelwitte van hierdie les is: <ol style="list-style-type: none">1. Die sakramente as voorvereiste vir die ewige gemeenskap met God;2. Die verbond tussen ons en God deur die Heilige Doop tot stand gebring;3. Die Heilige Doop as deel van die wedergeboorte.

Lesopsomming:

<p>Die sakramente is noodsaaklike handeling van God se genade. Dit is die Heilige Doop, Heilige Nagmaal en Heilige Verseëling.</p> <ul style="list-style-type: none">• Die doop is 'n uiterlike handeling, wat sigbare getuienis lewer van ons toewyding aan Jesus Christus en God, die Vader.• Deur hierdie handeling bied God verlossing / redding van die ewige dood.• Die Heilige Bybel leer ons dat Jesus aan die apostels die mag en gesag gegee het om te doop. Deur hierdie handeling word oorgeërfde sondes deur God afgewas.• "Geërf" verwys na die ontvangs van iets wat van een generasie na die volgende oorgedra is. Die Skrif dui aan dat ons met 'n sondige geaardheid, wat van ons ouers en voorouers geërf is, gebore word.• Die apostels en priesterlike ampte voer die Heilige Doop uit.
--



Heilige Doop - die 6^{de} Geloofsartikel

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Deur die Heilige Doop sluit ons 'n verbond (ooreenkoms / band) met God.
- Deur hierdie handeling skenk God genade en ons volg die Here.
- Hierdie les handel oor die sesde geloofsartikel. Ons moet hierdie geloofsartikel op so 'n wyse in ons lewens toepas, dat ons almal kan sê:

'Ek wil ook nooit die verbond / ooreenkoms / band van die doop verbreek nie!

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Is die sakramente belangrik vir ons, en waarom?

Antwoord: Sakramente is fundamentele handeling van God se genade en deur hierdie handeling bied God verlossing.

2. Wat is die wedergeboorte?

Antwoord: Dit is die geestelike wedergeboorte waar ons deur die Heilige Doop (doop met water) en Heilige verseëling (doop met die Heilige Gees) gaan. Dit is deel van God se genade en dit skep 'n verbond met God.

3. Wie voer die Heilige Doop uit?

Antwoord: Apostels en priesterlike ampte.

4. Kan enige iemand die Heilige Doop ontvang?

Antwoord: Ja. Niemand word van God se genade uitgesluit nie. Selfs klein kinders kan gedoop word.



notas



Addisionele Opmerkings Liewe Ouers

1. U sal oplet dat die kort video wat voorsien word, 'n aantal bybelverwysings bevat.

Daar word nie in die video oor meeste van hierdie bybelverwysing gepraat nie. As deel van u lesaanbieding kan u die Bybel byderhand hê en u kind dan versoek om die Bybelverwysings te lees soos u deur die les gaan. Op hierdie wyse is u kind nie ledig terwyl die les aangebied word nie.

2. Die proses en stappe tydens die Heilige Doop word ook nie in die video genoem nie.

Hiermee, die bewoording wat tydens die Heilige Doop gebruik word:

Water word deur die dienskneg geheilig met die woorde:

"In die naam van God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees heilig ek hierdie water en wy dit toe aan die handeling van die Heilige Doop. Amen."

Die voorkop van die een wat gedoop word, word dan drie keer met die geheiligde water benat terwyl die teken van die kruis gemaak word.

Die volgende woorde word geuiter:

'Ek doop jou in die naam van God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees, Amen'.

U kan hierdie aktiwiteit met u kind doen om vas te stel of hulle onthou wat moet gebeur of watter woorde tydens die doop gesprek word.

U kan dit daarna vir hom / haar lees.

Vertel hulle dat hierdie woorde ook gesprek is toe hulle gedoop is.

Miskien kan u vanuit u perspektief as ouer met hulle deel wat u tydens hulle doop ervaar het. Dit kan 'n mooi persoonlike aanslag tot die les gee.

3. Let ook op die aktiwiteit wat volgens die kind se Konfirmasieboek gedoen moet word. Dit is deel van les 21. Dit kan na die aanbieding van die les gedoen word. Sou u egter so verkies, kan dit saam met u kind as aktiwiteit gedoen word.
4. As deel van huiswerk moet u kind ook die 6^{de} geloofsartikel leer en opsê.

Die bewoording is soos volg:

Ek glo dat die Heilige Doop met water die eerste stap is tot die vernuwing van die mens in die Heilige Gees, en dat die gedoopte persoon opgeneem word in die gemeenskap van diegene wat in Jesus Christus glo en Hom as hul Here verkondig.

Die konfirmante moet elke geloofsartikel ken, of ten minste die betekenis daarvan aan die einde van hul konfirmasie-opleiding kan verduidelik.



'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen

 NOTAS